

15 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 6:12-36; Matt 5:1-12

Fokusgedeelte: Lukas 6:17-26

Herken jy jou eie profiel in die saligsprekinge?

Net soos ons, was ook die mense in die tyd van ons Here Jesus se amptelike optrede dringend op soek na geluk en sekuriteit. En hier tref ons Jesus nou aan op 'n berghang digby Kapernaüm ... besig om 'n groot skare mense salig te spreek en hulle dus gelukkig te verklaar in die ruimste sin van die woord!

Hierdie saligsprekinge vorm die inleiding tot Jesus se bergrede waarin Hy die grondwet van die hemelse koninkryk aankondig. Nege keer (vgl Matt 5:3-12) weerklink dit in die ore van die groot skare: "Geseënd is julle ...!" Amper asof daar geen einde aan kom nie. En tog moet ons goed raaksien dat hierdie seën nie voor die voet uitgedeel word nie. Nee, waar Jesus ook al sy mond oopmaak om te spreek, kom daar altyd **skeiding** tussen **die ware dissipels** wat Jesus as Messias bely en **die skare** wat net ter wille van nuuskierigheid daar is.

Jesus bewerk daardie skeiding deur vir ons in die saligsprekinge 'n woordskildery voor te hou van die tipiese burger van sy koninkryk. Hy sê as't ware vir ons en vir die skare aan sy voete: so en so alléén lyk die burgers van my koninkryk! Daarmee het Jesus die ware dissipels uit die skare laat ontstaan en hulle na Hom toe geroep. Vir hulle gaan Hy vervolgens die grondwet van die hemelse koninkryk uitspel terwyl die skare net passief sal luister.

Die saligsprekinge help 'n mens verbasend vinnig om jouself te leer ken. Indien jy afgestoot word deur die lewenstyl wat hierin geskilder word, is jy nog deel van die skare. Maar indien jy – al jou swakhede ten spyt – van harte begeer om juis só te leef, dan het die Here deur wedergeboorte 'n wonder in jou bewerk. Dan is jy deel van die klein groepie dissipels aan Jesus se voete. Jy is gereed om uit die krag van jou nuwe lewe in Christus vreugdevol te gaan leef volgens die hoë eise van die bergrede!

Sing: Skrifberyming 16:1 e v

Ds JJ Cloete (Koster)